TAALSENTRUM
LANGUAGE CENTRE
IZIKO LEELWIMI

Infoblad 2022
COMM 4941

NAVRAE | ENQUIRIES
Michelle Pieters
021 808 2812
michellep@sun.ac.za

KOMMUNIKASIELAB | COMMUNICATION LAB

Uitnemende kommunikasie

'n Sertifikaat van bevoegdheid-kortkursus

Verseker dat jou skriftelike kommunikasie 'n positiewe bydrae tot die professionele beeld van jou firma lewer. Kom ons neem jou kommuniksievaardighede 'n stap verder.

Waarop fokus hierdie kursus?

Deur skriftelike kommunikasie van 'n hoë gehalte te lewer, dra jy outomaties by tot die professionele beeld van jou maatskappy. Hierdie aanlyn kursus help deelnemers om meer doeltreffend te kommunikeer, met die klem op geskrewe kommunikasie.

- Jy sal die vaardighede aanleer en selfvertroue opbou om doeltreffend in Engels te kommunikeer.
- Jy word gelei om 'n verskeidenheid duidelike, bondige en professionele dokumente te skryf.
- Ons kyk na taalgebruik, trant en formaliteit, sinstruktuur, doelgerigtheid, lesers se behoeftes en die skryfproses.

Wie is die aanbieder?

Charmaine Eslick is 'n gesoute onderwyser en dosent met meer as 40 jaar ondervinding. Sy is geduldig en akkommoderend – eienskappe wat 'n veilige ruimte help skep waar mense nuwe vaardighede kan bemeester. Haar humorsin maak dit lekker om in haar geselskap te wees, en haar ervaring in integrale afrigting (*integral coaching*) rus haar toe om 'n positiewe en ondersteunende leeromgewing te skep.

Wie kan die kursus bywoon en watter loopbaanvoordele hou dit in?

Hierdie aanlyn kursus is vir jou bedoel as jy nie 'n eerstetaalspreker van Engels is nie, maar in 'n werksomgewing funksioneer waar Engels gebruik word. Veral as tale nie die hooffokus van jou studies was nie, maar skryfwerk wel deel van jou daaglikse take is.

Ons beperk die aantal deelnemers om optimale leer te verseker. Die regstreekse aanlyn sessies word deur 'n aanlyn komponent aangevul, en sekere aspekte van die kursus word geassesseer.

Is daar enige voorvereistes?

Jy sal 'n rekenaar en betroubare web soekenjin benodig wat ons aanlyn platforms (MS Teams en SUNOnline) kan hanteer en jy sal 'n betroubare internetverbinding nodig hê om vir die regstreekse aanlyn sessies aan te meld. Jy sal ook elektroniese dokumente moet kan skep.

Waar en wanneer vind hierdie kursus plaas?

Ons hibriede kursusse kombineer regstreekse aanlyn sessies, wat deur die aanbieder gefasiliteer word, met aanlyn leer wat jy op eie stoom doen.

Hierdie kursus open voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind en sluit lank ná die laaste regstreekse aanlyn sessie. Dit gee jou genoeg tyd om jou SUNOnline-teenwoordigheid te aktiveer voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind.

	Duur van die kursus (openings- en sluitingsdatums)	**Regstreekse aanlyn sessies** (09:00 tot 11:00)	**Skryf in voor**
Kursus 1:	15 Maart tot 26 April	22, 29 Maart, 5 en 12 April	11 Maart
Kursus 2:	30 Augustus tot 11 Oktober	6, 13, 20 en 27 September	29 Augustus

Tydens die kursus sal jy jou tyd as volg spandeer:

- een regstreekse aanlyn sessie per week van twee uur elk
- ongeveer agt uur per week op leeswerk, of om take of vasvra-take, aktiwiteite en opdragte op eie stoom te voltooi

Wat kos dit?

Die kortkursusfooi is R5 346 per deelnemer, wat kursusmateriaal, assesserings, regstreekse aanlyn sessies met jou aanbieder en toegang tot die aanlyn platforms insluit.

Alle kursusfooie moet asseblief vóór die begin van die kursus betaal wees. Let ook daarop dat ons hierdie kursus net sal aanbied wanneer 'n minimum van tien kandidate wat klaar betaal het, bywoning bevestig.

Klik hier https://bit.ly/2022_COMM_Infopage_forms en voltooi die vorm indien jy belangstel om hierdie kursus by te woon. Ons sal jou kontak met die skakel om in te skryf.

Enige verdere vrae?

Skakel met Michelle Pieters vir meer besonderhede by michellep@sun.ac.za of 021 808 2812.

Jy kan ook jou spesifieke kortkursus- en ontwikkelingsbehoeftes met ons bespreek. Doen gerus navraag oor beskikbare kortkursusse, datums en die moontlikheid van pasgemaakte kursusse.